

## Onthou:

**Môre  
Bederfdag  
R10**

**Gradeplegtigheid  
datum**

**Baie belangrik:**

**Finale  
Konsertbrief**


**Laaste  
Bederfdag  
18 November**

### Gradeplegtigheid:

Die datum van die Gradeplegtigheid is  
**Donderdag, 17 November**, soos dit op die  
Kwartaalprogram aangedui is.

(Verlede week se nuusbrief het dit per abuis  
deurgegee as 19 November.)

Ons nooi al ons Graad R-ouers, sowel as Rooiklas  
ouers, na hierdie geleentheid uit, waar ons ook op 'n  
meer formele wyse van Juffrou Anna-Marie Venter  
gaan afskeid neem.



### Afskeidsgeskenk:

Ons sal graag namens die Tjokkie-ouers en  
kleuters 'n spesiale geskenk aan Juffrou  
Anna-Marie wil oorhandig. Daarvoor vra ons  
van elke gesin 'n vrywillige kontant bydrae van  
u keuse. Kom ons hou dit 'n verrassing vir haar.

Plaas die geld asseblief in 'n gemerkte  
koevertjie in die klasposbussie  
voor/op Vrydag, 4 November.

Baie dankie!

## Dankie aan ITEC



Baie dankie aan ITEC wat die pragtige konsertkaartjies vir ons gedruk het en nooit skroom om ons skooltjie te ondersteun nie.

Ons het groot waardering daarvoor.

## Die GROOT trek

Groot werk lê voor met die klasverskuiwings wat aan die kom is.

Ons pak jaarliks aan die einde van November die klasse en store reg, was die speelgoed en handel administratiewe take af.

Vanjaar gaan dit egter ook gepaard met juffrouens wat na ander klasse trek.

Op 18 November is ons formele program vir kleuters afgehandel en op 23 November wil ons graag met die bogenoemde werkery begin.

Kleuters mag wel dan nog skool toe kom, maar daar sal slegs vryspel vir hul wees. Dit sal ons taak vergemaklik as kleutertjies wat nie elke dag hoef te kom nie en andersins geholpe is, dan nie meer skool toe kom nie.

Ons waardeer u begrip en opoffering in hierdie verband.

Baie dankie!

Tjokkie Juffrouens

